OLX | PROPERTY24 | CAREERS24 | SPREE | MYSUBS |

MELD AF

29 Maart 08:53

15°C / 23°C

NUUS TYDSKRIFTE

NETWERK24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND

SOEK PROFIEL KONTAK VOLG

NETWERK24 TUIS NUUS SPORT SAKE STEMME VERMAAK ONTSPAN VIDEO E-KOERANT

ONDERWYS

SAOU steun steeds godsdiens in skole

Deur **Hannes Kruger** | **24 Maart 2017 05:07**

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) steun steeds die beginsel dat godsdiens by skole beoefen mag word, sê Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU.

Hy wou duidelikheid gee oor 'n onlangse berig dat die SAOU, vriend van die hof in 'n hofsaak waarin ses skole hof toe geneem word oor hul openlik Christelike etos, in hofstukke 'n ommeswaai gemaak het.

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie Foto: Leanne Stander

Luidens die berig sê die SAOU dit is nie in kinders se "beste belang" dat hulle slegs deur 'n enkele geloof op skool bedien word nie.

Maar Klopper het Donderdag gesê die SAOU was en is steeds ten volle ondersteunend tot die beginsel dat godsdiens by skole aan die hand van reëls soos deur die skool se beheerliggaam bepaal, beoefen mag word.

Klopper sê daar is aspekte waaraan die reëls onderhewig moet wees. Dit sluit in:

* Deelname moet te alle tye vrywillig wees;

* Die deeglike verrekening van die standpunte en oortuigings van ander gelowe en benaderings tot geloof;

* Alle gelowe en benaderings tot geloof moet op gelyke en nie-diskriminerende wyse gehanteer word; en

* Die nasionale en/of provinsiale beleid jeens godsdiensbeoefening.

"Vir ons gaan dit oor die behoud van die status quo en die nakom van beleid," sê Klopper.

Hy beklemtoon die SAOU ondersteun nie 'n bepaalde organisasie in die hofsaak wat op 15 tot 17 Mei in die hooggeregshof in Johannesburg aangehoor word nie.

"Ons is 'n vriend van die hof en neem kennis van bepaalde werklikhede soos dat godsdiensbeoefening en debatte daaroor 'n uiters sensitiewe en emosionele saak is," sê Klopper.

Volgens hom lewer die oorgrote meerderheid van SAOU-lede 'n diens in heterogene gemeenskappe met uiteenlopende kulture.

"Die ledekorps van die SAOU is nie homogeen nie en daarom moet 'n standpunt gehuldig word wat alle lede insluit. Die meeste lede is werknemers van provinsiale departemente van onderwys en daar word van hulle verwag om beleidsvoorskrifte na te kom."

Hy sê die meerderheidsbesluit moenie bloot op mense afgedwing word nie

HOOFTREKKE GEWILDSTE

Oorsig: 'Moenie skinderstories glo' - Gordhan

Zuma aan SAKP: 'Ek gaan Gordhan afdank'

Lughawe-rooftog: Verdagtes sê oor inkomste

Gordhan weet, sê Malema

Mej. Suid-Afrika was op skool al baie gewild

Kry jou e-koerant van vandag **HIER!**

Beeld DIE BURGER
Volksblad **Rapport**

NETWERK24 Stemme

Johann Maarman
Rubriekskrywer
Johann Maarman is 'n adjunk-redakteur van Die Burger en 'n bekroonde rubriekskrywer.

'Helen Zille, jy is nou op jou eie'

In oom Zuma se fantasiewêreld

Luister & Lees

Blou Maan
Koos Kombuis

Sonvanger (Live)
Karen Zoid

Toevallig
Ruan Josh

Soos Reen

ALLE REGTE VOORBEHOU © 2017 MEDIA24

vrywillig geuiter kan word sonder die risiko van intimidasie en diskriminasie," se Klopper.

Meer Stories

- Hofstukke van SAOU oor HTS ingedien
- SAOU reageer skerp nadat onderwyseres geslaan is
- SAOU woedend oor uitlatings by Woordfees
- SAOU beplan regstappe oor skool wat 'sink'

MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier

Comments for this thread are now closed.

24 Reaksies **Netwerk24** **Willie Spies**

♡ **Recommend** **Deel** **Rangskik volgens Beste**

Koos Roos • 5 dae gelede

Ja, die "etos" dingetjie. Jy sal sukkel om 'n duidelike definisie by Klopper of Paul Colditz te kry.

Presies hoe manifesteer 'n "etos" in 'n (openbare) skool? Sluit dit skriflesing, gebed, preke, dreig met die hel in? Dis wat gebeur my die die meeste Afrikaanse skole by elke liewe saalopening, prysuitdeling en sportbyeenkoms.

Ook 'n gewilde siening is dat 'n 7 jarige kind voor 'n vol skoolsaal moet opstaan en haarself verskoon as sy nie "vrywillig" wil deelneem aan goedsdiens-beoefening nie.

4 ^ v • Deel ›

Thea Gerber ➔ Koos Roos • 5 dae gelede

Koos, ek is 60 jaar oud, was in 'n Laerskool in die verre platteland. Saam met my was daar maatjies wat in die Spadereën kerk asook Katolieke kerk was.
Hulle ouers het versoek dat hulle nie deelneem aan godsdiensperiodes/saalopenings of prysuitdelings nie.
Hulle het sonder enige ophef van enige aard in die biblioteek gaan sit en storieboeke lees terwyl ons godsdiensklas gehad het. .
Ek onthou dat ons nogals jaloers was op hulle. Wanneer dit tyd vir die kersspel was, was ons weer bly, want hulle mag ook nie aan die kersspel deelgeneem het nie. (op versoek van hulle ouers)
Dit was nooit vir enige iemand van hulle nodig om op te staan en uit te loop nie, want ons het 'n hoof gehad wat omgegee het vir die kinders en hulle selfbeeld. Nooit ooit het hulle uitgestaan of het ons gedink hulle is "anders" as ons nie.
Reeds in die "oertyd" kon leerders verskoon word van Christelike Godsdiensbeoefening.
Dit wil vir my partykeer lyk dat die ouers (en soms die kinders) wil hê dat daar 'n bohaai gemaak moet word, anders is hulle teleurgesteld want dat kan hulle dit nie aan die groot klok hang of hulle "toys" gooi nie.

MELD AF
Snotkop
Jy Slaan My Asem W...
Neil Somers

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24
MANS VROUE

Bastion
Ek is reguit en werk nie met die verlede nie. Flous is vir kunstenaars wat aandag soek. Ek gesels oor enigiets en probeer
Sien die Profiel

izaak777
Ek het n goeie humorsin en n zeist vir die lewe . Hou van die buitelewe , braai en geselig verkeer .Is lief vir mense en diere
Sien die Profiel

KallieMan
Eerstens is ek n Christen en glo dat hy eerste moet kom bo als. Ek sal enige iets vir my familie en vriende doen. Hou van om golf,
Sien die Profiel

Wys Meer

SOEK

ALLE REGTE VOORBEHOU © 2017 MEDIA24